Speel kamma kitaar by die Varingfees en wen!

Die kitaarspelers vir Avril Lavigne, Kelly Clarkson , Placebo, Aerosmith en Maroon5 deel 'n liefde vir First Act-kitare, en jy kan binnekort ook soos hulle rock.

Die kitare is die toonbeeld van vakmanskap en dit is juis waarom Adam Levine tot dié handelsmerk aangetrokke was.

Levine, die voorsanger van die multi-platinum- en Grammy-bekroonde popgroep Maroon5, het met die samewerking van First Act 'n spesiale reeks kitare, genaamd 2222, ontwerp.

JIP en Cash Crusaders, die verspreiders van First Act-kitare en -instrumente, bied as deel van die Varingfees, wat van 5 tot 7 November by die Hoërskool Brackenfell plaasvind, 'n lugkitaar-en-trom-kompetisie aan, waar jy 'n First Act-elektriese kitaar en versterker of tromstel kan wen. Dit vind op 6 November plaas.

Jy moet tussen 14 en 19 wees om deel te neem, en belangstellendes word aangemoedig om soveel ondersteuners as moontlik na die geleentheid te bring, aangesien alle SMS'e wat op die dag gestuur word, by die beoordelaars se stemme getel word om die wenners te bepaal.

Tydens die Varingfees word daar ook 'n duo-, trio- en "Clash of the Bands"-kompetisie aangebied.

Inskrywingsvorms vir die laasgenoemde kompetisie is op **www.varingfees.co.za** beskikbaar.